

**Goa, die Portugese
hoofsetel van die
Estado da Índia,
1510-1961**

O.J.O. Ferreira & Schalk W. le Roux



Knysna & Onderpapegaaiberg
2014

INHOUD

VOORWOORD

GOA, 'N OORSIG

- Ligging en naam van Goa 1
- Ontdekking van die seeweg na Indië, 1498 2
- Estado da Índia* 4
- 'n Lang geskiedenis van Goa voor die koms van die Portugese 7
- Afonso de Albuquerque verower Goa, 1510 9
- De Albuquerque se dood in 1515 en sy nalatenskap 12
- Enkele deurlugtige en minder deurlugtige opvolgers van
De Albuquerque 13
- Goa word formeel die hoofstad van die *Estado da Índia*,
1530 16
- Goa en Suidoos-Afrika 17
- Bevolkingsgetalle 21
- Huwelike met die plaaslike bevolking aangemoedig 22
- Stadsuitleg en voorkoms 24
- Administrasie en verdediging van Goa 30
- Goa as belangrike handelsentrum in die Ooste 36
- Die Rooms-Katolieke Kerk as bepalende faktor in Goa 38
- Karakter en lewenswyse van die Goanese 45
- Vermaarde inwoners van en besoekers aan Goa 48
- Verval van Goa en Panjim (Panaji) word die hoofstad, 1843 52
- Indië verower Goa, 1961 55
- Wêrelderfenisterrein, 1986 59
- Slot 66

BYLAAG I

- Onderkonings en goewerneurs van Portugees-Indië,
1505-1961 68

BRONNE 73

REGISTER 77

ILLUSTRASIES

- Fig. 1 Kaart: Goa, c.1620 1
Fig. 2 Kaart: Da Gama se roete na die Ooste 3
Fig. 3 *Cais dos Vice-reis* aan Mandovirivier, Goa 5
Fig. 4 Goa in 1847 5
Fig. 5 Francisco de Almeida 6
Fig. 6 Seeslag van Diu, 1509 6
Fig. 7 Yusuf Adil Sjah 8
Fig. 8 Ruïne van paleisvesting van Adil Sjah, Goa 8
Fig. 9 Afonso de Albuquerque 9
Fig. 10 *Capela de Santa Catarina*, Goa 11
Fig. 11 Lopo Soares de Albergaria 12
Fig. 12 Vasco da Gama 14
Fig. 13 João de Castro 14
Fig. 14 *Convento de São Francisco*, Goa 16
Fig. 15 *Fortaleza de São Caetano*, Sofala 18
Fig. 16 *Fortaleza de São Sebastião*, Ilha de Moçambique 18
Fig. 17 *Forte Jesus de Mombaça*, Mombasa 18
Fig. 18 Ilha de Moçambique 19
Fig. 19 Sebastião José de Carvalho e Melo 20
Fig. 20 Huwelike tussen Portugese en Indiërs 23
Fig. 21 Stadsuitleg van Goa 25
Fig. 22 *Igreja do Bom Jesus*, Goa 26
Fig. 23 *Arco dos Vice-reis*, Goa 28
Fig. 24 *Forte dos Reis Magos*, Goa 31
Fig. 25 *Fortaleza de Aguada*, Goa 31
Fig. 26 Chatrapati Sjivaji Maharadja 34
Fig. 27 Portugese *fidalgo* op Arabiese perd 37
Fig. 28 Pous Paulus III 39
Fig. 29 Gonçalo da Silveira 39
Fig. 30 Francisco Xavier 40
Fig. 31 Graf van Francisco Xavier, Goa 41
Fig. 32 *Convento de Santa Mónica*, Goa 43
Fig. 33 Portugese *fidalgos* te perd met gevolg 45
Fig. 34 Straattoneel, *Rua Direita*, Goa 47
Fig. 35 Luís Vaz de Camões 49
Fig. 36 Garcia de Orta 49
Fig. 37 Diogo do Couto 50
Fig. 38 Frontispies, *Os Lusíadas* 50
Fig. 39 Jan Huygen van Linschoten 51
Fig. 40 Manuel Maria Barbosa l'Hedois du Bocage 51
Fig. 41 Sekretariaat, Panjim 53
Fig. 42 Panjim, hoofstad van Goa vanaf 1843 54
Fig. 43 Tristão de Bragança Cunha 55
Fig. 44 Portugese krygsgevangenes, Panjim, 1961 57
Fig. 45 António de Oliveira Salazar 57
Fig. 46 Interieur met preekstoel, Kerk van Bom Jesus; Kapel van Santa Catarina van Alexandrië; Kerk van Sint Franciskus van Assisi; Sé Katerdraal waarvan een toring ingestort het; Koepel van die Kerk van Sint Cajetan; Oorblyfsel van die Paleis van Adil Sjah. 62
Fig. 47 Poort van die Onderkonings 64
Fig. 48 Kerk van Bom Jesus en die klooster van die Jesuïete 65
Fig. 49 Kerk van Sint Augustinus 66
Fig. 50 Santa Mónica-nonneklooster 66
Fig. 51 Straatmark 67

VOORWOORD

Die naam Goa, veral wanneer dit met die harde G op sy Afrikaans uitgespreek word, het nog altyd by my 'n nostalgiese gevoel gewek en 'n hunkering laat ontstaan om die atmosfeer van dié vreemde plek in 'n veraf land eendag self te ervaar. 'n Klompie jare gelede het Roger Fisher aan my 'n eksemplaar van die faksimilee heruitgawe van José Nicolau da Fonseca se uitstekende werk, *An historical and archaeological sketch of the City of Goa* (Bombay, 1878), geskenk. Nadat ek die boek gelees het, het ek vir seker gewet dat Goa een van my volgende reisbestemmings sou wees.

In 2007 het ek en Schalk le Roux 'n reis na Ilha de Moçambique in die noorde van Mosambiek onderneem. Van alle reise wat ek ooit aangepak het, was die besoek aan hierdie eiland vir my een van die heel aangrypendste ervarings. Hoewel die geboue in baie gevalle bouvallig is, kom die besoeker steeds onder die indruk daarvan dat Ilha de Moçambique tydens die Portugese se goue eeu en daarna die hoofsetel van die Portugese gebied in Suidoos-Afrika was totdat Lourenço Marques (nou Maputo) die ereposisie in 1898 oorgeneem het. Tydens navorsing oor Ilha de Moçambique het die noue verband tussen dié eiland en Goa al duideliker geblyk en kan die verhaal van die een eintlik nie sonder die storie van die ander verstaan word nie. Reeds tydens ons besoek op Ilha de Moçambique het ek en Schalk al met die gedagte begin speel om saam 'n tog na Goa te onderneem.

Ons beoogde besoek aan Goa het in 2012 'n werklikheid geword. Schalk was 'n uitsonderlik waardevolle reisgenoot, want nie alleen is hy deeglik in argitektuur geskool nie, maar daarbenewens het hy 'n diepgaande belangstelling in Oosterse godsdienste – albei van kardinale belang vir 'n sinvolle besoek aan Goa. Sonder sy bydrae as reisgenoot en mede-outeur sou hierdie klein gedenkskrif aan ons besoek aan Goa waarskynlik nie die lig gesien het nie.

Van Goa, die eens florerende handelsentrum aan die Malabarkus van Indië en hoofsetel van die Portugese Ryk in die Ooste, het feitlik net enkele monumentale kerk- en kloostergeboue oorgebly. In 1986 is dié bouwerke in Ou Goa deur UNESCO tot wêrelderfenisterrein verklaar en sodoende het hierdie strukture en terrein vir die nageslag bewaar gebly. Hoewel minder bekend, het Goa ook 'n direkte verband met Suid-Afrika, want die Portugese onderkonings of goewerneurs in Goa se invloedseer het, van 1510 totdat die Nederlanders in 1652 'n verversingspos aan die Kaap die Goeie Hoop gestig het, weswaarts tot net verby Cabo da Boa Esperança, die huidige Tafelbaai, gestrek. Dit klink na 'n bloot teoretiese verdeling van die invloedseer van die Portugese koning in Lissabon en die Portugese onderkoning in Goa, maar vir die opvarendes van Portugese skepe tussen die twee stede was

dit 'n harde werklikheid en in die geval van skipbreukelinge het dit selfs bepaal in watter rigting hulle die oorlewingstogte sou aandurf. Die Suidooskus van Afrika, wat die kuslyn van Mosambiek, die huidige KwaZulu-Natal en groot gedeeltes van die Oos-Kaap ingesluit het, het tot so laat as 1752 nog onder Goa geval, maar sedert daardie jaar het dit deel van die invloed sfeer van die koning van Portugal uitgemaak. Dieselfde afbakening van invloed sfere het ook ten opsigte van die aartsbiskoppe van die Rooms-Katolieke Kerk in Lissabon en Goa gegeld.

Hierdie oorsigstudie poog om 'n beeld te gee van die Portugese verowering van Goa van die Moslems, die opbloeï en welvaart van die stad, maar ook die geleidelike agteruitgang, uiteindelijke verval en ontruiming van die eens florerende hoofsetel van die *Estado da Índia*.

O.J.O. Ferreira

Jeffreysbaai

Augustus 2013